ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Augustus 2024 (91)

# KERMIS 2024

Op Saterdag 31 Augustus 2024 van 09h00-13h00 hou Eldoraigne Aftreelandgoed weer kermis! Na die sukses van 2023, glo ons hierdie jaar gaan dit nog beter wees.

Maak seker jy is daardie naweek hier en bring sommer jou kinders, kleinkinders, ander aangetroude familie en vriende saam. Die feestelikheid sal weer plaasvind in die braai-area, onder die motorafdakke langs die saal, in die saal self, die sitkamer en die eetsaal.Daar sal meer as 50 tafels beskikbaar wees met 'n wye verskeidenheid van ware wat aangebied word deur uitstallers/verkopers (inwoners) en ook verskeie uitstallers van buite.

Eetgoed soos Kerrie-en-rys, heerlike poedings, 'n gebak-tafel, jaffles, pannekoek, teetuin en vele ander lekker eetgoed. Kom koop gerus en maak jou yskas/vrieskas vol vir die daaropvolgende weke. Handwerk soos skilderye, juwele, plante, naaldwerk en kinderspeelgoed sal beskikbaar wees.

Inwoners word uitgenooi om 'n tafel of afdak te bespreek en te betaal by Ontvangs teen R100/R150 per tafel Ons gaan die plek op horings neem, musiek maak, kuier en nuwe intrekkers leer ken.  Navrae Johan du Preez (3192)

## FETE 2024

On Saturday 31st August from 09h00 to 13h00. Book a table/ carport at reception from 1st August.

## OUR THANKSGIVING MARCH

Dear friends, I have noticed recently, when we get together for a visit, someone always starts talking about politics. Immediately everyone is up in arms. Our fears, uncertainty and frustrations got the better of us because we don't know what the future holds for our children.
It was during one such a visit that my friend, Emmie said: "Why don't we just say thank you". There and then the idea arose to have a thank-you-walk, because in spite of all the bad things happening around us, in our country and in the world, we still have so much to be grateful for.

Therefor we invite you all to come and join us in our **Thank-You-Walk** on the day of the **market on 31st August 2024 at 11h00**. Try and be at the main entrance (outside glass doors) from 10h30 and the walk will take place around the Service Centre (offices and flats).
All the residents in the **Frail Care Unit**, under leadership of Louise and Riana, are also invited to join in this march.

Here at our Estate, there are so many people that deserve our thanks, but I am not going to start with an endless list of names. The one person whom I would like to mention, is that of our beloved manager, Hansie Marais. He handles all of our problems on a daily basis and succeeds in keeping us all happy all the time. Hansie and his team run the estate smoothly and we thank them from the bottom of our hearts.

We have everything we need here: the salons, laundry, the sisters to help us 24-hours a day with our health problems, our frail care unit, the kiosk, the kitchen where tasty meals are prepared for us, the security team who keeps us safe, the gardeners, the cleaning team and every other worker who make this estate a wonderful place to stay. We also thank the social committee who organises entertainment. We thank everyone of you for making this estate such a wonderful place to stay in.
Come and make a difference and show your grateful heart! Come with your walkers, electric riders, wheelchairs and crutches-All welcome.

**We thank the Lord for all His love and mercy.**

For any enquiries contact the organiser of the march: Magdel (1223)

# ABOUT MPOX

Mpox (formerly known as monkeypox) is a disease caused by infection with a virus, known as Monkeypox virus. The virus is part of the same family as the virus that causes smallpox. People with mpox often get a rash, along with other symptoms. The rash will go through several stages, including scabs, before healing. Mpox is not related to chickenpox.

Mpox is a **zoonotic** disease, meaning it can be spread between animals and people. It is endemic, or found regularly, in parts of Central and West Africa. The virus that causes mpox has been found in small rodents, monkeys and other mammals that live in these areas, but in 2022 mpox spread around the world.

Virus types:

1.Clade 1: causes more severe illness and deaths. Some outbreaks have killed up to 10% of the people who get sick, although more recent outbreaks have had lower death rates. Clade 1 is endemic to Central Africa.

2.Clade 11 is the type that caused the global outbreak that began in 2022. Infections from Clade 11 Mpox are less severe. More than 99,9% of people survive. Clade 11 is endemic to West Africa.

Both types of the virus can spread through;

1.Direct contact with infected animals.
2.Close contact with a person with Mpox. (Including intimate contact)
3.Direct contact with contaminated materials.

Risk of severe disease

Although not all cases of Mpox are life-threatening, some people may be more likely to get severely ill, including:

1.People with severely weakened immune systems.
2.Children younger than 1.
3.People with a history of eczema.
4.People who are pregnant.

Preventing Mpox:

There are several ways you can protect yourself and others from mpox, including:

1.Avoiding close skin-to-skin contact with people who have a rash that looks like Mpox and animals that carry the mpox virus.
2.Getting vaccinated.

(CDC USA)

## A-POKKE

Die bestaan van pokke (smallpox) is al vir 12 000 jaar bekend.

Alhoewel almal kleintyd teen pokke ingeënt is, het die WGO in 1980 beslis dit is nou uitgewis en inenting is nie meer nodig nie. Alle kinders wat na 1980 gebore is, is dus nie verpligtend ingeënt nie, en daarom het ons nie meer immuniteit daarteen nie.


**Simptome:**
-Twee weke nadat 'n persoon aangesteek is, begin hy met tipiese virussiekte: koors, kopseer, lyfseer, moontlik vergrote limfkliere in die nek, oksels en lieste..
-ongeveer 3 dae nádat met simptome begin is, ontwikkel blasies (enkele of net op sekere plekke op die lyf, of wydverspreid
-blasies lyk amper soos dié van waterpokkies of soos met gordelroos.


By die meeste mense is dit 'n relatief ligte siekte; die simptome hou 2-3 weke aan; blasies word droog, dit word dan rofies en val af.
-Die rofies is ook potensieël aansteeklik en mense kan dus só ook huishoudelik aansteek.

**Behandeling** is nie so effektief nie; die anti-virale middel **tecovirimat** (entstof) is beskikbaar, maar nie in Suid-Afrika nie, en moet ingevoer word om mense wat ernstig siek is mee te behandel. Die handelsnaam van tecovirimat is Tpoxx. (volgens NIOS=Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes)
Hierdie 2 ente moet 30 dae uitmekaar toegedien word, dan is dit 80% effektief. Indien 'n persoon in kontak was met A-pokke kan hulle ook geënt word, maar dan is dit net 20% effektief.


Hier geld "**Voorkoming is beter as genesing**" wel:
-Weerhou jou van kontak met siek mense.
-Hoë risiko mense, soos huismaats en werksmense moet siek persone vermy.
-Mense met lae immuniteit moet versigtig wees.
In Suid-Afrika is reeds meer as 20 laboratorium bevestigde gevalle aangemeld en 3 sterftes sedert die uitbraak in Mei 2024


(Dr Albie de Frey)









**Waterpokke** **Gordelroos**

**Kwartelstraat-vriendekring het in Junie 'n gesellige sop-en-sjerrie kuieroggend gehou, bygewoon deur 25 mense.**









## Animal life at the Estate 3: Moth flies

Tiny insects, which vary in colour from pale grey to black, are densely covered with small hairs and resemble miniature moths, are common on our Estate. They belong to the order Diptera, specifically to the family Psychodidae, of which there are more than 2 600 species worldwide. The so-called “psychoda flies” found in our homes are also known as drain flies, sink flies or sewer flies.

These flies have a lifespan of 8-24 days. They breed only once, within emerging from their pupae. Between 30-100 eggs are laid and the larvae hatch within 48 hours.

Mainly nocturnal, the adults cannot fly very far and hop from place to place and do nut buzz around. They live on organic material found in standing water and are encountered in sinks, showers, bathtub drains and toilet bowls.

They are not harmful to humans; however, great masses may carry bacteria. They may be controlled by flushing drains with boiling water; a mixture of baking soda, salt and vinegar; or normal drain cleaner.


(Ken Hall 3120)



*Psychoda Fly, Clogmia_albipuncta*


DYNAMEX
SOLAR
PROFESSIONAL
Solar Cleaning & Inspection
Solar Panel Bird Proofing
Window Cleaning
Call Us
073 913 4740
Email Us
sales@dynamexsolar.co.za
www.dynamexsolar.co.za


Eldoraigne
Retirement Estate
Properties FOR SALE
Ruan Erasmus
071 481 6199
- 2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R1350 000
- 3 Bedroom, 2 Bathroom Simplex - R2850 000
- 1 Bedroom, 1 Bathroom Apartment - R950 000
Properties FOR RENT
Stella Cloete
072 459 2230
- 1 Bed, 1 Bath Apartments from only R7600pm
- 2 Bed, 1 Bath Apartments from only R8600pm
- 2 Bed, 1 Bath Simplexes from only R11000pm
stay WARM this winter
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
011 805 6316
www.csi-euf.co.za


I got myself a seniors' GPS. Not only does it tell me how to get to my destination, it tells me why I wanted to go there.

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie.

1001 Ria Zeelie
1029 Vincenzo Speranza
Anna-Barbara Speranza

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

| | | |
|---|---|---|
| 1306 | Ella Botes | 9/6 |
| 1135 | Johanna Oberholzer | 22/6 |
| 143 | Dalene McKay | 24/6 |
| 65 | Ronel Grobler | 26/6 |

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## SILVER VIOLET HAARSALON

DIENSTYE 08h00-16h00

Maandae: Gesluit
Dinsdae: Colleen
Woensdae: Rhona
Donderdae: Colleen +Rhona
Vrydae: Colleen +Rhona
Saterdae: Colleen (tot 1 uur

Die salon is gerieflik geleë in die Dienssentrum.
Vir jou afspraak en spesialis haarsorgprodukte skakel die salon by 2007

## AJV

Die Algemene Jaarvergadering vir **alle eienaars** sal plaasvind op Donderdag 29 Augustus, waartydens onder andere finansiële state bekendgemaak word en ook nuwe direkteure verkies word om die Landgoed namens u te bestuur.
Maak dus seker dat u hierdie belangrike vergadering bywoon en bekwame direkteure verkies.

## Die risiko van KIMiDi

Die WEF (Wệreld Ekonomiese Forum) betrek jaarliks kundiges op die gebied van politiek, kultuur, sake en tegnologie om leiding te gee oor kwessies wat die wệreld, streke en spesifieke bedrywe in die betrokke jaar gaan raak, sowel as risiko's vir die volgende twee jaar (kort termyn) en 10 jaar (lang termyn). Vir 2024 se verslag waarin die globale risiko's uiteengesit word, is staatgemaak op die insigte van 1 490 leidende kundiges soos akademici, sakelui, mense in regerings en die burgerlike samelewing; verder is ook 11 000 sakeleiers uit 113 ekonomieë gekonsulteer.

Die WEF beskryf **KIMiDi** bo aan die lys van 34 kort termyn risiko's:
**KI** (Kunsmatige Intelligensie); **Mi** (Misinformasie) en **Di** (Disinformasie).
Misinformasie is die "vals en onakkurate inligting" maw fopnuus.
Disinformasie is "vals inligting waarmee doelbewus probeer word om mense te mislei".

Deesdae word KI gebruik om:
1.Vals inligting op só 'n manier te skep dat mense dit as werklik, korrek en geloofwaardig beskou-dus vals nuus.
2.Korrekte en ware inligting sodanig te manipuleer en te verdraai dat dit vals inligting word, wat nie as sodanig herken kan word nie- dus disinformasie.
KIMiDi se risiko lệ grootliks daarin dat die grens tussen die ware werklikheid en die vals werklikheid só klein word, of selfs verdwyn, dat dit moeilik/onmoontlik word om tussen die twee te onderskei. Dis om dié rede dat kubermisdadigers en ander slenteraars al hoe meer gebruik maak van KIMiDi.

Ons sien onder meer dat KI ingespan word om die volgende te maak:
**Diepstemvervalsings**: wanneer 'n teikenpersoon se stem gebruik word om vals inligting te versprei en selfs toesprake te lewer.
**Diepvideovervalsings**: wanneer 'n teikenpersoon se stem en beeld gebruik word om vals uitsprake/advertensies te maak.
**Diepnaakvervalsings**: apps bestaan waarop 'n persoon se foto gelaai kan word en dan word 'n ander app gebruik om 'n beeld te skep waarop die teikenpersoon dan naak is.

'n Praktiese wenk wat kan help:
-Wees uiters versigtig vir sosiale netwerke, want dit kan die potensiële beginpunt van sulke slenters wees. Pas die aanteken-inligting op jou sosiale netwerk aan sodat dit nie publiek is vir almal nie.

(Basie von Solms- Navorsingsprofessor aan Universiteit van Johannesburg se sentrum vir kuberveiligheid-Beeld 13 Feb 2024)

## HOE OM SONDER SKETE OUD TE WORD

Annelie Botes het onlangs by 'n aftreeoord in die Baai ingetrek. Sy was beïndruk met 'n flinke dame van 99 wat elke dag by haar huis verby geloop en vriendelik gegroet het.
Op 'n sonskyndag het die tannie by haar deur aangeklop vir 'n geselsie. Annelie wou by die tannie weet hoe het sy dit oor al die jare heen reggekry om op dié ouderdom nog so skeetloos te wees.

Hierdie 99-jarige inwoner het geantwoord dat sy 3 gewoontes reeds vroeg in haar lewe afgesweer het:
1.**Skinde**r maak van 'n mens 'n giftige wese. En die gif wat jy saai, is die gif wat jy maai. Later vertrou niemand jou meer nie. Maar dieselfde gif kom sit in jou siel en maak jou ongelukkig.
2.**Kritiseer**: om gedurig alles en almal te kritiseer, vorm 'n bitterheid in jou gemoed. Sy sệ sy kyk verby alles wat kritiek kan ontlok en soek iets wat sy kan loof. Op daardie manier kom kleef die bitterheid nie aan jou gebeentes en gedagtes vas nie.
3**.Kla**, voel sy, is 'n swak gewoonte. Min mense vind jou geselskap aangenaam of stimulerend. Ons almal het tientalle dinge om oor te kla. Sorteer dit veel eerder uit in jou binnekamer en vra jouself af of jou klagtes werklik geldige klagtes is.

As dit wel gebeur dat jy 'n brief aan die bank of poskantoor of Oordbestuur moet skryf, doen dit met 'n nederige gesindheid. Baklei en skreeu en dreig sal jou waarskynlik nệrens bring nie.

(Annelie Botes het reeds 17 boeke geskryf, grootliks gebaseer op gebeure waarvan sy eerstehands kennis het: Trippel Sewe (oor dobbelverslawing); Ribbokvoete (oor aborsie); Klawervier (familiestryd); Trousseaukis; Raaiselkind (Outisme); Nawelstring; Broodsonde; Sabbatsreis; Thula-Thula (bloedskande); Duiwelsbrood; Tabernakel; Swart-op-wit(kleurgrense); Lugkasteel; Katvis; Kammaland; Kainsmerk en Voetstoots.

Sy is in 1993 met diabetes gediagnoseer; in 2019 kry sy 'n ernsige bakteriële infeksie wat eers na 3 jaar in 2023 korrek gediagnoseer is en gelei het tot 'n volle beenamputasie.

(Willemien Green-Rooi Rose)

## Inspirasie: Gee my jou tyd, 'seblief

Nou die dag vertel iemand my dat sy kinders hom gevra het wat hulle hom kan gee vir sy verjaarsdag.
"Tyd", het hy dadelik geantwoord. Toe die kinders frons, het hy vir hulle gesệ die heel grootste geskenk wat hulle vir hom kan gee, is hul tyd. Niks anders maak sy hart blyer as sy kinders se teenwoordigheid nie. Mooi, né?

Tyd is kosbaar. Dit is onvervangbaar. Dit kan nie opgeberg word vir latere gebruik nie. Tyd wat verby is, is verby. Tyd wat vermors is, is daarmee heen. Verlore tyd kan nooit herwin word nie. Daarom dat ons ons tyd met wysheid moet gebruik.
Ons doen dit wanneer ons weet vandag is die Here se tyd. Elke dag wat die naam "vandag" dra, is Syne. Daarom leef ons elke vandag vir Hom en vir mekaar. Daarom doen ons vandag moeite om daar te wees vir diegene naby aan ons-ons geliefdes en ons vriende. O ja, en ook vir mense wat ons hulp benodig. Ons koop ons vandag-tyd reg uit.

(Stephan Joubert)

## ESTATE MATTERS: FIRE FIGHTING

The fire extinguishing system installed by the developer in the estate comprise of the fire hydrants in the streets between houses, in the service centre and in the corridors of the flats.
The insurer requested that fire extinguishers should also be installed at strategic places in the streets at the houses, as have been installed at the carports and the caravan park.
The fire extinguishing system complies with all legal requirements and the necessary compliance certificates have been issued by competent persons. The smoke detection system is serviced every 6 months, and the fire extinguishers, fire hoses and fire hydrants are serviced once a year. Regular inspections are carried out by Scott-Save (Occupational Health and Safety Specialist). The estate also recently received an award for the estate with the best risk management.
Some of the CSi staff, as well as the security guards, have completed fire-fighting courses, and the fire extinguishers will, in the event of a fire, be used until the fire brigade arrives. PLEASE PRESS YOUR PANIC BUTTON or call security on 9111 in case of a fire.
It is not a requirement of the estate insurer that residents must have fire extinguishers available in their units. However, residents are encouraged to obtain fire extinguishers, if they are still physically able to handle a fire extinguisher.